

A1434/1.1.1



# OUR CITY

Newsletter of the City of Johannesburg Vol. VII No. 1 June 1972

Nuusbrief van die Stad Johannesburg Vol. VII Nr. 1 Junie 1972



*The view from the Oppenheimer Tower  
Die uitsig vanaf die Oppenheimer-toring*

## SALUTE TO SOWETO

## HULDE AAN SOWETO



*Simbool van behuisingsprestasie—die Oppenheimer-toring  
Symbol of housing achievement—the Oppenheimer Tower*

# ONS STAD



## Through the Bus Window

A daily popular excursion in Johannesburg is the bus tour of Soweto. Every morning, long before the starting time at 9 o'clock, the attractive Information Offices at the non-European Affairs Department in Albert Street are filled with more people than the bus can accommodate.

The tour guide advises all latecomers to book for another day to make sure of a seat. She gives a brief interesting talk on Soweto and its origins and the bus then moves on out of the crowded city area to the African complex of townships in the South West. The tour, with a pleasant break for tea, gives a fairly comprehensive view of Soweto — the houses, schools, recreation places, the Sheltered Employment Workshop, beer gardens and other places of interest.

The tour is an eye-opener for most visitors especially those from overseas who are astounded by the size and organisation of one of the largest housing schemes in the southern hemisphere and one that has developed in such a comparatively short time.

Johannesburg residents who expect visitors from overseas or from other parts of South Africa and would like to show them this mighty slum removal scheme should book well in advance.

## Salute to Soweto

Sunny, sullen, smiling, scowling, soulful, soulless, Soweto, the fourth biggest city in South Africa. Soweto the swinging; the 20th century phenomenon, a new town of some 600,000 people risen in 15, 20, 25 years on the former site of three or four small suburbs and a clutch of angry, noisome shanty towns, now disappeared forever under a vast tide of decent housing.

Soweto the vital, the vibrant, the violent, home of a huge reservoir of working folk whose health, welfare and contentment must be the concern of all people of good sense and goodwill.

Sunday Soweto: the black city—proud, tidy, humble, poor, (occasionally) rich, patient, vigorous, pulsating, soccer crazy, singing, laughing, shouting, church-going, rejoicing in the goodness of the Lord, drinking, the sleeping away the weariness of the week.

The architects of this town, which neighbours the wealthy white city it so faithfully serves, have better claim perhaps than almost any place else, to the boast: "The impossible we do today. Miracles take a little longer."

To visit Soweto on a week-day morning is an uncanny experience. It is so huge, so empty, so calm. The singing from a nursery school can be heard on the still air many blocks away.

Older school children crossing a road, chattering like starlings (how musical are the voices of Soweto!) bring a few minutes of animation to the quiet streets. These are tranquil hours between the dawn trains into the white city and the after-dark trains home again which will spill out wave after wave of workers to eat and sleep away the few hours or rest until the following dawn.

But peer into the place and you will discover many miracles— notably the excellent health services and the superbly organised community facilities. A place like Soweto does not just happen. Nor can it grow in haphazard fashion. It is a compound of scientific planning, modern technology, the directed spending of millions of rand and, above all, insight into the human condition and a definite desire to help make the world just a little better for everybody.

Soweto is not problem free. Some of it had to be rushed too fast, too far. Many needs have still to be met. But what is good is good, and what is not good is being improved. And so it is that this edition of Our City is confidently devoted to an achievement of which the Johannesburg City Council and the citizens of Johannesburg can be proud. It is a Salute to Soweto.

## Hulde aan Soweto

Sonnig, somber, speels, suur, sielvol, sielloos; Soweto, die vierde grootste stad in Suid-Afrika.

Soweto, die nuwerwetse, 'n wonder van die twintigste eeu: 'n nuwe dorp met by die 600,000 inwoners wat in 15, 20, 25 jaar verrys het waar drie of vier klein dorpie en 'n handvol oproerige lawaai-erige sakdorpe, wat nou vir altyd deur behoorlike behuisingskemas vervang is, eens gestaan het.

Soweto, plek van lewe en dood; tuiste van 'n ontsaglike arbeidsbron van werkers, wie se gesondheid, welsyn en tevredenheid alle regdenkende en welwillende mense na aan die hart behoort te lê.

Soweto op Sondag—die swart stad; trots, netjies, nederig, arm (soms) ryk, geduldig, lewendig, pulserend, sokkermal, singend, laggend, lawaaiend, kerkgaande, jubelend oor die goedheid van God, waar daar gedrin word en die week se moegheid weggeslaap word.

Die boumeesters van die dorp langsaan die ryk Blankestad wat hy so getrou dien, het dalk meer reg as ander om daarop aanspraak te maak dat hulle die onmoontlike vandag regkry en wonderwerke oormôre.

'n Besoek aan Soweto op 'n weekoggend is maar 'n grillerige ondervinding. Dis so groot, so leeg, so stil. Die sang in 'n Kleuter-

skool kan in die stil oggendlug straatblokke ver gehoor word. Groter skoolkinders wat die straat al babbelende (hoe musikaal is die stemme van Soweto tog nie) oorsteek, verlewendig die verlate strate vir 'n rukkje. Dis rustige ure dié tussen die vertrek van die dagbreektreine na die blankestad en die aankoms van die treine na sonder wanneer die werkers golf na golf huiswaarts keer om te eet en die paar uur voor die son weer opkom om te slaap.

Maar kyk dieper en u sal talle wonders raaksien—vernaamlik die puik gesondheidsdienste en die voortreflik georganiseerde gemeenskapsgeriewe.

'n Plek soos Soweto word nie in een dag gebou nie. Dit kan ook nie sommer wild groei nie. Dit is die vrug van wetenskaplike beplanning, moderne tegnologie, die doelgerigte besteding van miljoene rand en bowe alles, insig in die menslike situasie en 'n begeerte om die wêreld vir almal ietwat aangenamer te maak.

Soweto is nie sonder probleme nie. Sommige dinge moes oorhaastig gedoen word. Daar moet nog in talle behoeftes voorsien word. Die goeie bly en dit wat nie goed is nie word verbeter. Daarom dat dié uitgawe van Ons Stad met vrymoedigheid gewy word aan 'n prestasie waarop die Stadsraad van Johannesburg en die stadsinwoners trots kan wees. Ons bring hulde aan Soweto.

## Deur 'n Busvenster

'n Gewilde uitstappie in Johannesburg is die daaglikse bustoer na Soweto. Daar is elke oggend, lank voor die vertrektyd om 9 vm., meer mense in die Inligtingskantoor van die Afdeling Nie-blankesake as wat die bus kan bevat.

Die toergids raai alle laatkommers aan om vir 'n ander dag te bespreek sodat hulle van plek verseker kan wees. Sy lewer 'n kort interessante praatjie oor Soweto en sy ontstaan voordat die bus uit die druk middestad vertrek na die Bantodorpe kompleks in die suidweste. Die toer bied 'n redelike volledige beeld van Soweto—die huise, skole, ontspanningsplekke, die Werkplaas vir Beskutte Arbeid, biertuine en ander besienswaardighede, met 'n aangename teepouse.

Die toer is vir die meeste besoekers, veral dié uit die buiteland, 'n openbaring. Die grootte en organisasie van een van die grootste behuisingskemas in die suidelike halfgrond, wat boonop in so 'n betreklike kort tyd ontwikkel het, is vir hulle verstommend.

Inwoners van Johannesburg wat besoekers uit die buiteland of ander dele van Suid-Afrika verwag en wat graag dié reuse krotopruiingskema aan hulle wil toon, behoort lank vooruit te bespreek.



## 'n Lessenaar beteken Geluk

Duisende kinders in Soweto is maar te bly as hulle in 'n klaskamer net 'n ou plekkie kan kry, hoe klein ook al.

Onderwys in Soweto is die taak van die Departement van Bantoe-onderwys en die Departement kwyf hom goed daarvan. Skoolgeboue moet egter voorsien word deur die Johannesburgse Stadsraad uit bedrae wat by huishurgelde ingesluit is en reeds etlike jare al is die nood op dié gebied baie groot. As die nypende tekort aan leerkragte daarby gevoeg word, is die gevolge baie duidelik: honderde moedelose kinders op straat omdat daar in die skool nie vir hulle plek is nie.

Die hoop beskaam egter nie en daar is veel stof tot dankbaarheid in die benadering van goedgesinde Blankes enersyds en andersyds van verstandige hardwerkende Bantoes wat die opleiding van hulle kinders voorstel.

Mnr. Sam Moss, Voorsitter van Johannesburg se Komitee vir Nie-blanke-sake, het verlede jaar 1 000 klaskamers aan Soweto beloof. Dit wil nou voorkom asof hy daardie belofte sal kan nakom. Die Raad het onlangs van die Regering toestemming ontvang om geld vir die oprigting van skole van buite te verkry.

Daar is tans 'n tekort van sowat 600 klaskamers. Die nuusblad "The Star", Johannesburg, het openbare belangstelling gaande gemaak deur middel van sy Teach (teach every African child)—veldtog.

Daar was daaglik tot 20 skenkings vir die nuusblad se pos, en baie van hulle was anoniem.

Die nuusblad het nie op hom laat wag om die geld te benut nie. 'Teach' se eerste skool vir Tswana-sprekende kinders in Mofolo is opgerig vir 500 kinders in 10 klaskamers, teen 'n koste van R15,600.

Skole het tot die 'Teach'-fonds bygedra met die grootste enkele bydrae van R400 afkomstig van die William Hill's Indian High School in Actonville, Benoni. Die matriekleerlinge het hulle besluit dat die nood van Bantoe-kindere groter was as hul eie.

Die probleme van Soweto het nou die probleme geword van almal wat beter daaraan toe is. Die handel en nywerheid, tiksters, onderwysers, huisvroue en skoolhoofde het almal saamgespan om te verseker dat 'n skool se deur nie vir 'n kind toestaan omdat daar binne geen plek is nie.

*Aanvoorkom: Mnr. Sam Moss, Voorsitter van Johannesburg se Komitee vir Nie-blanke-sake en mnr. Francis Mncube, Ondervoorsitter van die Skoolraad vir Dube-Mofolo-Zondi, spit saam die eerste sooi vir 'The Star' se heel eerste "Teach"-skool in Mofolo, Soweto.*

*Sharing the spadework: Mr. Sam Moss, chairman of Johannesburg's Non-European Affairs Committee and Mr. Francis Mncube, vice-chairman of the Dube-Mofolo-Zondi school board, turn the first sod for 'The Star's' first TEACH school in Mofolo, Soweto.*

## Happiness is a Desk

Happiness in Soweto for thousands of children is the chance to walk into a classroom and have a small space in it even if it gives one an absolute minimum of elbow room.

Education in Soweto is the responsibility of the Department of Bantu Education which is doing a vast amount to make it as good as possible. But school buildings have to be provided by the Johannesburg City Council from funds included in the rents of houses, and for some years there has been a chronic shortage of buildings. Add to this a serious

lack of teaching staff and the picture that emerges is one of many hundreds of dejected children roaming the streets because they cannot get into school.

There is, however, a great deal of hope in the general atmosphere and much to be grateful for in the attitude of both White well-wishers and sensible hard-working intelligent Africans who place the education of their children almost above any of the other human needs.

Last year Mr. Sam Moss, chairman of the Johannesburg City

Council's Non-European Affairs Committee, promised 1 000 classrooms for Soweto. Now it seems he will be able to fulfil that promise. Recently the council received the government's go-ahead to raise funds from outside sources for the building of schools.

The shortage now is in the region of 600 classrooms. The Star, Johannesburg, has aroused much public interest with its TEACH (teach every African child) campaign. Up to 20 donations are found in the newspaper's daily post and many of them are anonymous.

The newspaper loses no time in spending the money. TEACH built its first school for Tswana-

speaking pupils in Mofolo at a cost of R15 000 to take 500 pupils in 10 classrooms.

Schools have contributed to the TEACH fund, the largest individual contribution of R400 coming from the William Hill's Indian High School at Actonville, Benoni. The matriculants decided that the need of African children was greater than theirs.

And so it is that the problems of Soweto have become the problems of all better-off citizens. Commerce and industry, typists, teachers, housewives and headmasters have all joined forces to prevent a child being turned away from school because there is no more room inside.



*With shining morning face . . . exhilaration of first day at a brand new school.  
Blink gesiggies . . . die opwinding van die eerste dag by 'n splinternuwe skool.*

## Die Siel van Soweto

Die eerste aanblik van Soweto is verstommend. Wanneer 'n mens 25 jaar lank daar gewerk het en nog onthou hoe dit in die begin daaruitgesien het, is dit ongelooflik.

'n Verslaggewer het gaan gesels met ervare personeel van die Tak Gemeenskapsdienste wat al jare lank in Soweto werk. Die deeglike besef dat alle stadswerkers in hulle vrye tyd behoefte het aan gesonde ontspanning, rus en tevredenheid het duidelik na vore gekom.

■  
**Wat beskou u as die belangrikste verandering wat in die kwarteeu plaasgevind het?**

Ongetwyfeld behuising. En ook dienste. Die mense self het ook baie vooruitgegaan. Ekonomiese faktore het hierby 'n belangrike rol gespeel. Hulle verdien meer en is in die algemeen beter opgelei. Hulle lewensomstandighede het verander, so ook hulle diëet en kleredrag. Vir baie lê 'n lang pad nog voor. Hulle lone kan ook beter bestee word maar daar is gelukkig baie organisasies wat hulle die regte pad wil wys. Die meeste van die welsynsorganisasies wat op een of ander manier met Soweto te doen het, het 'n munisipale beampite in hulle komitee. Ons ken hulle dus taamlik goed en weet wat hulle uitrig.

■  
'n Senior beampite wat al 18 jaar lank in die Tak Gemeenskapsdienste werk, het die volgende te sê gehad: „Toe ek 18 jaar gelede by die Afdeling aangesluit het was daar 'n handjie vol werkers wat met alledaagse probleme geworstel het. Oor musiek, Kuns en Kultuur kon net gedroom word. Vandag is daar 700 mense wat gemeenskapsdienste op 'n hoë peil verskaf en aan die gang hou“.

„Vergelyk 'n klein dorpie met 'n massiewe stedelike kompleks — dis die verskil tussen die Soweto van 20 jaar gelede en die Soweto van vandag“.

„Gemeenskapsdienste is bedoel om mense te help om by die stadslewe aan te pas en om hulle die geleentheid te bied om hulle vrye tyd aan hulle opvoeding en plesier te bestee. Myns insiens help ons hulle om die druk en spanning baas te raak en 'n vol lewe te ly. Die lewe behoort immers meer te behels as eet werk en slaap“.

■  
Dit blyk uit die gesprekke duidelik dat die Tak Gemeenskapsdienste op sosiale gebied 'n baie belangrike bydrae lewer. Die huise, speelterreine en sale sou almal lê doppe wees as dit nie vir die dinamiese benadering van die tak was, wat hulle saamsnoer in 'n sinvolle lewe nie.

Soos enige ander stad het Soweto ook sy jeugdige tsotsis, drankverslaafdes oud en jonk, skelms, dobbelaars, diewe en moordenaars. Die Tak Gemeenskapsdienste sorg egter in samewerking met die polisie, onderwysers, die kerke en die oorgrote meerderheid goeie, uitgesproke mense dat die groep ver in die minderheid bly.

■  
In baie van die geriewe wat in Soweto voorsien word, heers daar 'n tintelende atmosfeer. Daar is die klein simfonie-orke, ballet- en baldansklasse en skilder- en beeldgroepe waarin kunstenaars van wêreldformaat ontluk het. Daar is ook 'n tuinboukundeseksie wat 'n rolbalperk en twee gholfbane onderhou, wat lieflike groen grasperke in parke en openbare

tuine aanlê en vrugtebome gratis vir elke nuwe huis verskaf. Daar is speelsentrums vir kleuters wat bestuur word deur die munisipaliteit en die African Self-Help Association en 30 jeugklubs met 'n ledetal van 4 000 wat sport, drama, sang, dans, handwerk en die redenaarskuns beoefen.

Daar is 10 vroueklubs waar kunsvlyt en kookkuns geleer word. Daar is ook bioskope. Op opvoedkundige gebied is daar 130 skool- en universiteitsbeurse wat deur die Stadsraad beskikbaar gestel word.

■  
Dan moet ons nie die vyf blaasorkeste wat die dorpe elke naweek met hulle musiek verlewendig, of die kampe vir kinders en besoek aan die sirkus gedurende vakansietye vergeet nie. Stel u voor 'n ontspanningsdiens wat die volgende behels: een ontsaglike amfiteater, 3 stadions, 93 speelterreine vir derduisende sokkergeesdriftiges, 74 korfbalbane, 4 swembaddens, 42 tennisbane, 4 ontspanningsale, 39 kinderspeelterreine, kegelbane, dansarene, atletiekbane, fietsrybane. Soweto beskik oor alles waaraan u kan dink.

Daar word egter nie net vir die jong en aktiewe mense gesorg nie. In elke gemeenskap is daar gekweldes, bejaardes, armes en siekes. Die Welsynstak het werkers in elke dorp van Soweto. Hulle gee raad en leiding. Hulle voorsien kontanttoelaes en help met aansoeke om kospakkies, pensioene en staatstoelaes en los huurgeldprobleme op. Hulle vertrou en beur die bedroefdes op.

Die Tak Gemeenskapsdienste is inderdaad die siel van Soweto.

# The Spirit of Soweto

When you see Soweto for the first time the impact is quite astonishing. When you have worked there for 25 years and you recall what it was like at the beginning the whole thing seems quite unbelievable.

A reporter had a question and answer session with seasoned Soweto workers in the community services branch. It showed an acute awareness of the need for all city workers to enjoy health activity, peace, and contentment in their spare time.

■  
**What do you see as the most significant change in the quarter century?**—Housing without a doubt. And services. The most significant advance I think is in the people themselves. Lots of this is based on economics. They are earning more. Generally speaking they are better educated. Their living conditions have changed, their diet and their clothing. Many still have a long way to go and could use their wages better than they do, but it is hopeful that there are many organisations eager to show them the right way. Most welfare organisations concerned in some way or another with Soweto have a municipal official on their committee so we know them fairly well and can appreciate what they are doing.

■  
 A high-up man official who has worked in the community services branch for 18 years said: "When I came to the department 18 years ago we had a handful of workers concerned with everyday problems. Music? Art? Culture? These were dreams. Today we have 700 people to provide and maintain a community service of enormous sophistication.

"Compare a small country village with a huge urban complex. There you have the comparison between Soweto 20 years ago and today.

"The idea behind a community service is to help the people to adjust to urban living and to provide them with the means of using their spare time for their education and pleasure. I think we are helping them to cope with the stress, the strain, the tension, and generally to live fuller lives. Life to anybody should mean more than getting up to go to work to get home to go to bed."

■  
 What emerged from these conversations was that the community services branch is a social achievement of enormous significance. The houses could be there, the playing fields, the halls — all would be hollow shells without the community services dynamic approach to make them part of a vital and meaningful way of life.

As in any city, anywhere, there are young tsotsis, there are drunkards young and old, there are crooks, gamblers, thieves and murderers in Soweto. But they are very much a minority group and for this the Community Services Branch, aided by the police, the teachers, the churches and the overwhelming number of good and articulate people can take credit.

■  
 Think of the lovely, colourful, lively dancing spirit that pervades so much of what is provided in Soweto. There is a small symphony orchestra; classes in ballroom dancing and ballet; painting and sculpture groups which have given birth to world beaters in art. There

is a horticulture section which maintains a bowling green and two golf courses, paints green with lawn the parks and public gardens, and gives fruit trees free to every new house. There are the toddlers' play centres run both by the Municipality and the African Self-Help Association, and 30 youth clubs which draw 4 000 members for sport, drama, singing, dancing, handicraft, and debating. There are 10 women's clubs which teach homecraft and cooking. There are cinemas. And on the education side there are 130 school and university bursaries given by the City Council.

■  
 Don't forget the five brass bands whose oompah oompah cheers the townships every week-end, the camps for children, and the holiday visits to the circus. Try to imagine a recreation service that includes one huge amphitheatre, 3 stadiums, 93 sports fields for thousands and thousands of soccer fans, 74 basketball courts, 4 swimming pools, 42 tennis courts, 4 recreation halls, 39 children's playgrounds, skittle alleys, dance arenas, athletic tracks, cycle tracks. You name it. Soweto's got it.

But the spoils are not only for the young and active. Every community has its troubled people, the aged, the poor, the sick. The Welfare branch has workers stationed in every village of Soweto. They advise and guide. They give cash grants, help with applications for food parcels, pensions and government grants and they arrange rent problems. They console and comfort the bereaved. In the Community Services Branch lies the Soul of Soweto.



*Young dreams.  
Jeugdromen.*

*Township life as portrayed at the Art School.  
Lewe in 'n Bantoeorp soos uitgebeeld in die Kunsskool.*



Dr. Patrick Lewis.

(Dr. Patrick Lewis who retired from the City Council and the chairmanship of the Management Committee before the last municipal elections, was asked to give a special message to this Soweto issue of *Our City*. For many years Dr. Lewis was chairman of the Non-European Affairs Committee. He was closely identified with the development of modern Soweto and was given the honorary degree of Doctor of Laws by the University of the Witwatersrand for his dedicated work among Johannesburg's African population.)

(Dr. Patrick Lewis, wat voor die jongste munisipale verkiesing uit die Stadsraad getree en die voorsitterstoel van die Bestuurskomitee verlaat het, is gevra om 'n spesiale boodskap vir die Soweto-uitgawe van *Ons Stad* te skryf. Dr. Lewis was jarelank Voorsitter van die Komitee vir Nie-blanke sake. Hy was intiem gemoeid met die ontwikkeling van die hedendaagse Soweto en het 'n eredoktorsgraad van die Universiteit van die Witwatersrand ontvang vir sy werk onder die Bantoebevolking van Johannesburg.)

## Unbelievable contrast

I was looking at a film, the other day, that I had taken of Shantytown and Moroka. Fifteen years ago. My mind dwelt on Soweto today. Unbelievable contrast. Accomplished with a mass of money and, just as important, a load of goodwill. Also, of course, traumas galore.

The latest figure spent on Soweto is R73-million. Twenty years ago it was R12-million. Fifteen years ago, when I made that film, the spending totalled R22 million. But what is enormously pleasing to me, looking back, is the transformation that has taken place in the development and stature of the people. In their whole environment they are doing work of a skill and a kind once unheard of. Their role—the black treasury officials, the nurses, the hospital matrons—only three examples in hundreds—show how they have responded to the demands made of them; how they have more than justified new employment opportunities opened to them. How responsible they are! How marvellously adaptable!

One can only admire the family care, the spirit and tenacity of the women of Soweto who play an ever greater role in the structure of a stable society. As times have become increasingly expensive and difficult, so more of them have to leave their homes daily to add to the family income.

Their lodestar is education for the children. They work, skimp and scrape to find the funds to help their children acquire the knowledge they themselves were denied

I can only marvel at the resilience, at the good humour, the philosophical attitude and extreme good sense of the people of such varied tribal backgrounds.

They are urbanites today, with city-bred children who are worlds away from the children of yesteryear. May they prosper among us. May our patience always match theirs. And may we always enjoy mutual goodwill.—

PATRICK LEWIS.

## 'n Hemelsbreë verskil

■ En kyk nou die dag na 'n rolprent wat ek vyftien jaar gelede van Sakdorp en Moroka geneem het en ek dink toe aan die Soweto van vandag. Wat 'n hemelsbreë verskil. Dit is alles bewerkstellig met hope geld en, wat ewebelangrik is, 'n oorvloed van welwillendheid. Daar was natuurlik ook volop traumatiese ondervindings.

Volgens die jongste syfers word daar R73 miljoen aan Soweto bestee. Twintig jaar gelede was dit R12 miljoen en vyftien jaar gelede, toe ek die rolprent gemaak het, was die uitgawe R22 miljoen.

Wanneer ek terug kyk, skep ek egter die grootste behae in die ontwikkeling en gedaantewisseling wat die mense ondergaan het.

Hulle doen nou oral in hulle omgewing werk wat vir sover dit geskoolde en die aard daarvan aanbetref, eens ongehoord was. Die swart tesouriebeamptes, verpleegsters en hospitaal-matrones—slegs drie voorbeelde uit honderde—is bewys van hoe hulle voldoen aan die eise wat aan hulle gestel word, van hoe hulle die nuwe werkgeleenthede wat hulle gebied word, terdeë regverdig.

Hulle is so betroubaar en aanpasbaar. 'n Mens kan die gesinsversorging, gees en volhardingsvermoë van die vroue van Soweto, wat 'n al hoe groter rol in die opbou van 'n stabiele gemeenskap speel, net bewonder. Na gelang die lewe duurder en moeiliker word, moet al hoe meer van hulle die huis daagliks verlaat om die gesinsinkomste aan te vul.

Die opleiding van hulle kinders staan vir hulle voorop. Hulle swoeg, besuinig, raap en skraap om hulle kinders daartoe in staat te stel om die kennis te verwerf waarvoor hulle nie die geleentheid gehad het nie.

Ek kan maar net verbaas staan oor die uithouvermoë, goedgehumeurdheid, die gelatenheid en verstandigheid van die inwoners van Soweto. Wie sou 30, 20 of selfs 10 jaar gelede kon dink dat landelike mense van sulke wyduiteenlopende stamagtergronde so bedrewe sou raak.

Vandag is hulle stedelinge met stadskinders wat ver verwyderd is van vanmelewe se kinders. Mag hulle hier voorspoedig wees. Mag ons geduld teen hulle opweeg. Mag daar altyd wedersydse welwillendheid wees.—PATRICK LEWIS.



'n Lewendige riel.

A blithesome reel.

# Workshop of Perfectionism

One of the most successful places in Soweto is the Sheltered Employment Workshop. Why is it not enormously sad? Handicapped people, especially those as severely disabled as these workers, have built-in sorrow which could lead to despair. But if there is any way at all in which a man who lacks a leg or an arm, or a woman tied to a wheelchair, can be taught to overcome disability and sing while they work the Workshop will find the way to do so.

Developing whatever latent skills the workers possess the Workshop, admitting disability only in the degree to which the worker cannot meet the demands of the task to be done, has a remarkable success in satisfying normal needs of everyday folk — a pay packet, food, clothing, housing, security and self-respect.

A feature of the place, apart from the sense of quiet satisfaction that you feel in every room, is the extraordinary beauty and imaginative quality of the work turned out. There is a kind of perfectionism which is a mark of the high standard both demanded and readily given. The weavings are lustrous and charmingly

patterned; the baskets are strong, yet delicately wrought and shapely. Odds and ends of material emerge miraculously as amusing little animals.

Making nets for tennis courts and various commercial uses is a good source of revenue. Both complicated and simple work is produced, the simplest being the sorting of bits of cardboard used in various packagings.

The workshop gives work and happy independence to 115 handicapped people. It is staffed and sponsored by the Non-European Affairs Department of the Johannesburg City Council. It is administered by the Department's Welfare Fund and is non-profitmaking.

Workers' wages are met from workshop income but financial help for their free meals is given by private individuals, church and other organisations such as Cripples Care Association of the Transvaal which also supplies transport.

These are the cold facts. But the workshop is one of the warmest friendliest and contented places in the whole of Soweto. It makes a fit and healthy visitor feel humble.



*Die netmaker sit gemaklik in sy rystoel en werk.  
The net-maker works at ease from his wheelchair.*

## Werkplaas vir Perfeksioniste

Een van die gelukkigste plekke in Soweto is die Werkplaas vir Beskutte Arbied. 'n Mens sou eintlik die teenoorgestelde verwag want smart is deel van 'n gestremde se lewe, veral as hy 'n ernstige gebrek het soos dié werkers, en dit kan so maklik tot wanhoop lei. Maar as 'n man met net een arm of been of 'n vrou in 'n rystoel enigsins geleer kan word om die gebrek te bowe te kom en al singende te werk, dan sal die Werkplaas daarin slaag. Die Werkplaas ontwikkel die verborge talente van die werkers en stuit alleen wanneer 'n taak vir die werker te veel is. Die Werkplaas slaag uitmuntend daarin om in die daaglikse behoeftes van gewone mense — loon, kos, klere, woonplek, sekuriteit en selfrespek — te voorsien.

Afgesien van die gevoel van stille tevredenheid wat elke kamer vul, word die plek ook gekenmerk deur die buitengewone prag van die werk en die vindingrykheid wat aan die dag gelê word. Die hoë standaard wat vereis en gehandhaaf word, getuig van hulle perfeksionisme. Die weefwerk is helderleurig met lieflike patrone, die mandjies met hulle mooi vorms word sterk dog fyn gemaak en

materiaalfrentertjies word omgetower in koddige klein diertjies.

Die maak van nette vir tennisbane en verskillende handelsdoeleindes bied 'n goeie bron van inkomste. Daar word ingewikkelde en eenvoudige werk gedoen — waarvan die sorteer van stukke karton vir verskillende verpakkingsdoeleindes die heel eenvoudigste is.

Die Werkplaas bied werkgeleenthede en onafhanklikheid aan 115 mense. Dit staan onder die beskerming van die Afdeling Nie-blanke-sake van die Johannesburgse Stadsraad, wat ook die personeel voorsien. Dit word deur die Afdeling se Welsynsfonds bestuur en is sonder 'n wins-oogmerk.

Die werkers se lone word betaal uit die inkomste van die Werkplaas maar geldelike steun vir hulle gratis maaltye is afkomstig van private individue, kerk- en ander organisasies soos die Kreupel-sorgvereniging van Transvaal, wat vervoer verskaf.

Bo alles is die Werkplaas 'n plek van hartlikheid, vriendelikheid en vergenoegdheid en dit stem 'n fikse en gesonde besoeker baie nederig.



*Whipping the ends of sisal lanyards for railway truck tarpaulins  
Die ente van sisaltoue vir spoortrokseile word beset.*

# SONNIGE SONDAE IN SOWETO



*Festival ballet.*

*Feesballet.*



*Soccer crazy.*

*Sokkermal.*



*Te salig! — op 'n warm middag.*

*Bliss on a hot afternoon.*

*Soul music.*

*"Soul"-musiek.*





*Best clothes come out for a jaunt to the Zoo.  
Kisklere word aangetrek vir 'n besoek aan die Dieretuin.*



*Lustig, uit volle bors.  
Singing the blues away.*



*Die Stadsingenieur se blaasorkes speel 'n opgewekte deuntjie.  
Oom-pah-pah! The City Engineer's Brass Band calls the tune.*



*In the huge amphitheatre at Jabulani.  
In die reuse-amfiteater in Jabulani.*

# SUNNY SUNDAYS IN SOWETO



*Dië outjie is blakend gesond.  
This little chap is in splendid shape.*



*Lewensnoodsaaklike immunisering by die kliniek.  
Life-saving immunisation at the clinic.*



*Die mobiele röntgeneenheid: Opsporing van moontlike  
tuberkulosegevalle.  
Checking for T.B. inside the mobile X-ray unit.*

## The Road to Health

In Soweto, the road to health is paved with good intentions—and mighty achievements.

Health care in Soweto is possibly the largest and most intensive operation of its kind in South Africa. The budget approaches nearly one half of the total City Health Department's spending of R5 300 000 for the whole of Johannesburg.

Soweto's full time health staff of White and African medical officers, health visitors, nurses and interpreters is 500.

In 7 general clinics which include T.B., family health, family planning, curative and midwifery clinics, in two mobile and four dental clinics and in the houses of Soweto these 500 see and help more than one million people a year.

But all this is a cold, computer-ish count of human devotion and accomplishment.

Think awhile then of Tabitha, a factory worker in White Johannesburg. Tabitha lives in Phiri, one of Soweto's 26 villages, and is a

diabetic. At the same moment every morning — she can set her watch by it — there will be a knock on her front door and her friendly neighbourhood nurse, fully trained and registered, will come in to give Tabitha her daily injection of insulin. This is vital to Tabitha's health—but it is not all. Tabitha's diabetes was uncovered by a visit to a Soweto clinic when she felt under the weather. Now she knows exactly what to eat, and why. She understands how the insulin acts. She knows that she is not alone should any crisis occur; that her children are known at the family welfare clinic and that the older ones have been told how to help her should the need arise. And so, calm in her cocoon of security, Tabitha can go peacefully to work every day.

It is good to meet Mrs. Maria M. or any of her fellow workers. Trained health visitors, their approach is dynamic. Watch Mrs. M. in action giving a talk on nutrition to mothers at the Tladi family health clinic. Here is charisma!

Look at a family care clinic. Every bench in the waiting room is packed. Even grandpa has brought a child sleeping heavily on his comforting arms. The babies are adorable. Every new birth has already been visited in the home for the important preliminary inoculations and now these children are enjoying follow-up care. The emphasis is impressively heavy on preventive medicine. Clinics are not only for the sick. They are designed to keep well people healthy.

Here is a T.B. clinic. The fight against tuberculosis is non-stop. A continuous cycle aimed at prevention diagnosis, therapy.

Timely discovery and prevention reduces the need to fill hospital beds.

T.B. is a socio-economic illness. Good houses and nutritious food help to fight it. And as the Council works to keep it in check in Soweto, so, at the same time, the health of White Johannesburg is safe-guarded.

T.B. and gastro-enteritis vie with one another for the unenviable place of top killer. But year by year the death rate picture improves. Education and treatment are winning the war against diseases. Routine immunisation is a powerful weapon at all child health clinics against diphtheria, whooping cough, tetanus, polio, small pox and measles. Preventable infectious diseases are well on the way to complete control.

Attendances at family planning clinics have doubled in the past year—a triumph for both white teaching and African understanding.

The volume and weight of the work is almost unbelievable. Said a doctor who went around with a reporter: "It is good to see it all through the eyes of an objective visitor. There is so much to do that in the very doing of it every day one forgets how much is being done."

But Tabitha doesn't forget. Nor the other 999,999 who have been helped during the year.



*Out-patients: Help is at hand.  
Buitepasiënte: Hulp is byderhand.*



*Playing gives on an appetite.  
Al die baljaar maak jou honger.*



*Baba se vordering word in die Kindergesondheidskliniek noukeurig aangeteken.*

*Recording baby's progress at the Child Health Clinic.*



*Gesondheidsvoorligting: Alles oor voeding  
Health education: Session on nutrition.*

## Die Pad na Gesondheid

Op die gebied van gesondheid in Soweto is daar nie alleen goeie voornemens nie maar groot prestasies.

Gesondheidsorg in Soweto is waarskynlik die grootste en intensiefste onderneming in sy soort in Suid-Afrika. Die begroting beloop bykans die helfte van die totale bedrag van R5 300 000 wat die Stadsgeondheidsafdeling ten opsigte van die hele Johannesburg bestee.

Soweto se voltydse gesondheidspersoneel van Blanke- en Bantoe geneeskundige beamptes, gesondheidsbesoeksters, verpleegsters en tolke is 500 sterk. In die sewe algemene klinieke, waarby tuberkulose-, gesinsorg- gesinsbeplanning-, genesings-, en vroedvrou-klinieke ingesluit is, die twee mobiele klinieke en vier tandheelkundige klinieke en in die huise van Soweto behandel hulle in een jaar meer as een miljoen mense.

Maar dit is slegs die blote feite van 'n verhaal van mense se toewyding en prestasies.

Kom ons kyk 'n bietjie na die verhaal van Tabitha, 'n fabriekswerkster in Blanke-Johannesburg. Sy woon in Phiri, een van Soweto se 26 dorpe en ly aan suikersiekte. Klokslag dieselfde tyd elke môre is daar 'n klop aan haar deur— dis haar vriendelike gebiedsverpleegster, wat ten volle opgelei en geregistreer is, om haar daaglikse insulieninspuiting toe te dien. Vir Tabitha se gesondheid is dit onontbeerlik—maar dis nie al nie. Dit is tydens 'n besoek aan 'n kliniek in Soweto, toe sy siekerig gevoel het, dat daar ontdek is dat sy aan suikersiekte ly. Nou weet sy presies wat sy kan eet en waarom.

Sy verstaan die werking van insulien. Sy weet dat sy nie alleen is as 'n krisis sou ontstaan nie—haar kinders is by die gesinsgesondheidskliniek bekend en die ouer kinders is geleer hoe om haar te help, indien dit nodig sou wees. Met die versekering kan Tabitha elke dag met 'n geruste hart werk toe gaan.

Dit is 'n belewenis om mev. Maria M. of enige van haar kollegas te

ontmoet. As opgeleide gesondheidsbesoeksters het hulle 'n dinamiese benadering. 'n Mens hoef mev. M. maar net dop te hou wanneer sy moeders by die gesinsgesondheidskliniek in Tladi oor ondervoeding toespreek om dit duidelik te sien.

